

Sondag 8 Julie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:9-20

Fokusgedeelte: Kolossense 1:15;  
Heidelbergse Kategismus Sondag  
35:97

## Die grense van ons kuns

Het ons die “digterlike vryheid” om God te probeer afbeeld of skilder? Mense kan soms die grofste sondes pleeg onder die dekmantel van kuns en kultuur.

Nee, ons kan nie sê dat die tweede gebod ons gawes van skeppende kuns wil arresteer nie. Ons word nie verbied om enige beelde te maak nie. God mag en kan egter nie afge-beeld word nie. 'n Afbeelding van God sal altyd 'n valse *poging* bly. Ons sal God nooit na waarheid kan uitbeeld of afbeeld nie.

Nou kom die vraag hier gewoonlik na vore: Wat van prentjies van Jesus in kinderbybels? Wat van films, YouTube-video's, Whatsapp-boodskappe ensovoorts, waar God uitgebeeld word? Ons kan en mag net antwoord wat die Woord sê: *Geen* afbeelding van enige Persoon in die Drie-eenheid, op watter manier ook al, mag afgebeeld word nie.

Jesus Christus, wat so dikwels afgebeeld word, is die Beeld van die *onsienlike* God. Hy het mens geword, ja, maar God het nêrens vir ons 'n duidelike beskrywing van Jesus as mens nagelaat nie. Die rede? Waarskynlik om ons van afgodery te weerhou! Ons sou sekerlik replikas van Jesus begin aanbid het, eerder as die *onsienlike* God van die Bybel.

Die tweede gebod *gebied* dat ons God moet dien soos Hy in sy Woord beveel. Die ge-bod *verbied* ons ook om God af te beeld of ons eie kunswerke te aanbid. Ja, God is on-sienlik, maar sy *handewerk* is tog so duidelik sigbaar! In die skepping sien ons sy almags-werke. Met jou gawes van skeppende kunste mag en moet jy Hom prys vir sy almags-werke!

Sing: Psalm 8-1:1-7

Ds. GM (Marnix) Boersema (Graaff-Reinet)